# 10 Augustus 2023 - Lesing 96 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Bewyse van JaHshua se bestaan op aarde – 8/1/59

7250 Aan elke mens is die moontlikheid gegee om die geheim te ontdek van die menswording van God en elke mens sal dan ook die bewys hê van die bestaan van JaHshua, Wie nou aan hom geopenbaar sal word **as Seun van God en Verlosser van die wêreld**, wat alle ander bewyse oorbodig maak. En elkeen wie uiteindelik die menswording van God begryp het, sal ook weet dat en waarom geloof vereis word, waarom bewyse nie bevorderlik, maar eerder nadelig is vir die **siel se ontwikkelingsproses**, wat die doel van die mens op die aarde is.

Die feit dat God Homself in JaHshua Messias, in die Mens JaHshua, beliggaam het, is en bly ongeloofwaardig vir mense wat geen enkele geestelike verbinding het nie, vir wie 'n geestelike strewe vreemd is.

En daarom moet onder "geestelike strewe" verstaan word **dat dit die ontwikkelingsproses van die siel beteken wat nie die aardse lewe as doelwit beskou nie, maar as middel tot die doel**.

Gevolglik is elkeen wat nie geestelik gemotiveer is nie, dus ook nog nie "ontwaak" nie, dit wil sê dat sy denke **meer beïnvloed sal word deur dwaling as die waarheid**. Hy sal eerder wanopvattings aanneem en dit as waarheid beskou en die suiwer waarheid sal vir hom onaanneembaar lyk, juis omdat sy gees nog verduister is, wat nie verwys na die verstand nie, maar na die geestelike vonk binne-in die mens, die god-delike deeltjie. So 'n mens sal ook geen geestelike oorsake aanvaar nie en daarom sal die **menswording** van God as "gevolg" van so 'n "geestelike oorsaak" **ook vir hom onbegryplik wees.**

Maar dit het plaasgevind. God Self het Hom in 'n Mens beliggaam en hierdie Mens was JaHshua, die seun van Miriam, **Wie deur die Gees van God verwek is**. Niks moes die mense tot geloof dwing nie en daarom was die geboorte van JaHshua aan menslike wette onderworpe, **maar nie die verwekking nie**. Die mense mag hulself nie aanmatig om dit te betwyfel nie, as hulle in ag neem dat alle geskapenes, asook die hele skeppingswerk, deur die krag van God voortgebring is. Dit is dus inderdaad moontlik vir hierdie Krag **om 'n menslike wese deur Sy wil te laat ontstaan.**

Maar hierdie geboorte **sonder bevrugting** het ook geestelike redes gehad wat 'n ontwaakte gees maklik kan begryp.

Helaas moet die mens kennis dra dat daar geestelike redes was vir die hele werk van die skepping, wat gebaseer is op die vrye wil van die oergeskape geestelike wesens en dat hierdie vrye wil ook 'n rol speel in die bestaan van die mens, die Eersgeskape Oergees, wat belangrik is en terselfdertyd ook die verklaring waarom geen of net weinig bewyse gevind kan word vir die bestaan van JaHshua, die Mens, **aangesien 'n mens met geen middele gedwing mag word om 'n positiewe of negatiewe houding in te slaan teenoor JaHshua Messias, die goddelike Verlosser nie.** Sy houding teenoor Hom moet die gevolg wees van die volkome vryheid van sy wil, want dit alleen bepaal die mens se geestelike wedergeboorte in die Eersgeskape Wese, - wat die doel van die mens se lewe op aarde is.

Wat ook al bewys kan word, dwing 'n besluit af. Geen mens mag gedwing word om 'n besluit te neem nie, sodat die vroeëre volmaaktheid van die oergeskape wese weer bereik kan word, **wat die betekenis en die doel is van die hele skepping.** Daarom moet die mens eerstens op hoogte wees van die oorsprong en doel van alles wat bestaan, oor sin en doel van die skepping en alle geskape wesens daarin. Maar hierdie kennis kan hy nooit as te nimmer uit boeke verkry nie, maar **dit moet aan hom oorgebring word deur die Gees van God,** Wie die Ewige Waarheid in Homself is.

Maar hieraan is voorwaardes verbonde, wat alle mense wel aan kan voldoen, maar slegs min kom dit na. Nietemin kan die Gees van God Haarself egter slegs openbaar waar hierdie voorwaardes aanwesig is: 'n Lewende geloof in God wat slegs deur die liefde lewend kan word en 'n bewustelike vra na die waarheid vanuit God - in volle geloof om die waarheid van Hom af te ontvang. En dit sal aan die mens gegee word, want nou tree die **Gees van God** in verbinding met die geesvonk in die mens, **wat deel is van Hom** en die mens sal dan deur die Gees onderrig word.

Wie dit nie kan of wil glo nie, sal nooit wysheid ontvang nie, die lig van die insig. Maar wie glo, aan hom sal die heerlikste openbaringe onthul word en hy sal helder en duidelik insien wat vir ander mense onverstaanbaar is. Hy sal die hele verband kan begryp en vir hom sal die menswording van God in JaHshua opgelos word op so 'n wonderbaarlike wyse, dat hy geen verdere bewyse meer sal verlang nie. En tog sal hy alles duideliker deursien as waartoe die skerpste verstand ooit in staat kon gewees het.

Maar dan sal die tydperk tussen JaHshua se lewe op aarde en die teenswoordige irrelevant wees vir 'n ontwaakte gees, want JaHshua se lewe was nie 'n gebeurtenis vir 'n bepaalde groep mense nie, **maar geld alle mense van die verlede, huidige en toekoms**. Alle mense sal van JaHshua se lewe op aarde verneem, maar sal geen bewys van Sy bestaan nodig hê as hulle gees ontwaak het nie, maar sonder ontwaking van die gees, sou ook die duidelikste bewyse nutteloos wees vir die verkryging van siele rypheid, **want 'n geloof verkry deur bewyse, is geen geloof wat die vrye wil respekteer nie** en slegs die vrye wil geld. Die verstand van die mens het niks of maar weinig te doen met die ontwaking van die gees in die mens, want die ontwaking **is 'n gevolg van 'n lewe in liefde, 'n lewe in onselfsugtige liefde vir ander mense,** daarom is die navorsing van die diepste verborgenhede nie die voorreg van 'n aktiewe, werksame verstand nie, maar slegs die voorreg van hulle wat die gebooie van God onderhou, wat die Mens JaHshua op aarde geleer het, naamlik: "**Julle moet God liefhê bo alles en julle naaste soos julleself**."

Die resultaat van die nakoming van hierdie gebooie is die sekerste en duidelikste bewys van JaHshua se bestaan, **want dan lei die Gees van God die mens om die waarheid te vind en gee hom opheldering oor die hele geestelike samehang**, wat die menslike verstand alleen nooit sou kon bereik het nie. Amein.